**Donderdag 26 Januarie**
**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:11-21 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:11**
**Gryp na die ewige lewe**

Dit klink na ’n vreemde opdrag: Gryp na die ewige lewe! Die opdrag klink nog vreemder as ons enkele verse verder lees: Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld dat hulle vir hulle ’n skat weglê, ’n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf. Inderdaad vreemd. Hoe kan ’n mens na die ewige lewe gryp en dit verwerf? Tog is dit ’n Godgegewe opdrag.

Timoteus word in die eerste plek hiermee gekonfronteer. Teenoor soveel mense wat in hierdie lewe net na geld en aardse mag soek (daaroor gaan dit in 1 Tim. 6:3-10), roep Paulus die jong dominee Timoteus op om van hierdie dinge weg te vlug. Hy noem Timoteus “man van God”. In die Ou Testament word niemand soveel keer “man van God” genoem as die profeet Elisa nie. Elisa moet as man van God sy familie verlaat en sy leermeester Elia volg (1 Kon. 19). Belangriker nog: Hy moet die Here volg, oral waar die Here hom stuur.

Net so is Timoteus “man van God”. Hy moet van aardse versoekings wegvlug en God dien. Hy moet geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid en sagmoedigheid najaag. Hy moet die goeie stryd van die geloof stry. So moet hy van sy heerlike geloofsbelydenis (vs 12) ’n kragtige geloofsbelewenis maak. Sy geloofsbelewenis moet sigbaar wees vir die gemeente en gemeenskap in Efese waar hy as predikant dien.

En so moet die gemeente in geheel “manne en vroue van God” wees. In gehoorsaamheid aan God moet elke gelowige die “pand bewaar” (vs 20). Die pand wat bewaar moet word, is die kosbare skat van die evangelie. Christus se verlossende werk is die inhoud van die pand. Hy en sy wat die pand bewaar, leef uit die verlossing in Christus. So ’n lewe is radikaal anders as die gejaag na geld en goed en aardse geluk. ’n Lewe vanuit Christus is ’n lewe wat sinvol en doelgerig is.

So trek die verskillende opdragte aan die einde van 1 Timoteus 6 in een punt saam. Uit genade gee God die ewige lewe, om Christus wil. Tegelyk roep Hy sy kinders op: Leef daardie lewe. Wees manne en vroue van God. Leef onder die kragtige leiding van die Heilige Gees. Wie dit doen, gryp na die ewige lewe – met mening, en inspanning van alle kragte.

Mag die genade met jou wees!

*Sing: Psalm 119-1:62*

*Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)*